


Koning van die volke



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 59 en veral verse 15-21, hfst. 60:1 en 2, hfst. 61, asook hfst. 61:2.

Geheeteks:

“En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang” (*Jesaja 60:3, OAB*).

“**C**hristus moet ons leerskool wees. Ons enigste aanspraak op enige van die seëninge wat uit sy verbond van genade spruit, is sý regverdigheid. Lank reeds smag ons na daardie seëninge en probeer dit vergeefs bekom. Tog ontvang ons dit nie omdat ons vasklou aan die idee dat dit deur bepaalde werke verkry kan word, dat ’n mens daarvoor in aanmerking kan kom. Ons kyk nie verder as onself nie. Ons oë is nie op Jesus as ons lewende Heer en Heiland gerig nie. Die gelowige moet nie hom- [of haarself] flous nie – die genade en verdienstelikheid van die mens gaan ons nie red nie. Allermens. Die genade van Christus is ons enigste hoop op redding. Deur sy profeet gee die Here ons dié belofte: ‘Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik’ (*Jesaja 55:7, OAB*). In hierdie belofte moet ons heelhartig glo, en nie geloofsoortuiging met gevoelsoortuiging vervang nie. Wanneer ’n mens ten volle op die Here vertrou, wanneer jy op die verdienstelikheid van Jesus as die sonde-vergewende Verlosser staat maak, dán ontvang ’n mens al die hulp waarna ons almal so smag” (Ellen G. White, *Faith and Works*, bl. 36).

Vandeeweek gaan ons hierdie waarheid, soos dit in die profetiese geskrifte van Jesaja verwoord word, bekyk.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 20 Maart.

Die gevolge van sonde (*Jesaja 59*)

In Jesaja 58:3 vra die volk vir God: “‘‘Waarom vas ons, maar U sien dit nie, verootmoedig ons ons, maar U gee nie aandag daaraan nie?’’’ (NAB). ’n Ander, onuitgesproke vraag kan ook hierby gevoeg word. As Jesaja 59:1 ’n antwoord is, klink die vraag seker soos volg: “‘‘Is die Here nie in staat om ons te red nie. Hoor Hy dan nie ons hulpgeroep nie?’’’ – waarop die profeet antwoord dat die Here wel sy kinders hoor en red (*Jes. 59:1*). Die feit dat Hy soms nie wil hoor of red nie, is egter iets heeltemal anders.

Soos ons reeds gesien het, impliseer Jesaja 59:1 ’n bepaalde vraag. Lees nou vers 2. Wat is die boodskap hier in antwoord op die indirekte vraag in Jesaja 59:1?

Die Here kies soms om Hom “doof” te hou wanneer die volk bid. Hoekom doen Hy dit? Nie omdat Hy genot daaruit put nie. Dit is om ’n ander rede. “Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God” sê die Here deur Jesaja (*hfst. 59:2, NAB*). Hier het ons die mees klinkklare bewys in die Skrif aangaande die uitwerking van sonde, oor hoe dit die band tussen God en die mens raak. Dit is juis oor dié punt wat Jesaja in die res van hoofstuk 59 uitwei, ’n verskynsel wat ’n mens regdeur die geskiedenis van die mensdom bespeur: dat sonde ons band met God verbreek wat uiteindelik tot ons ewige ondergang lei – en nie omdat God deur sonde van ons af weggeneem word nie, maar omdat dit die mens van Hom af wegneem.

Lees Genesis 3:8. Hoe weerspieël hierdie voorbeeld die beginsel wat in die bogenoemde paragraaf bespreek is?

Sonde is op die keper beskou ’n werping van God, om van Hom af weg te draai. Inderwaarheid het sonde ’n kumulatiewe uitwerking. Nie net in die sin dat dit ’n wig tussen God en die individu dryf nie, maar omdat die gevolge van daardie sonde boonop die wig al verder dryf. Sonde bring skeiding tussen ons en God, en nie omdat God nie na die sondaar wil uitreik nie (die ganse Bybel is immers die verhaal van God wat uitreik na die mens ten einde sondaars te red). Nee, dié skeiding gebeur in werklikheid omdat óns God se toenadering tot die mens verwerp. Dit is hoekom dit so belangrik is dat die Christen geen sonde in sy of haar lewe moet duld nie.

Sonde skei ’n mens van die Here. Op watter maniere het jy al dié werklikheid in jou eie geloofslewe beleef? Wat is, na jou mening, die enigste oplossing vir dié probleem?

Wie word vergewe? (*Jes. 59:15-21*)

Jesaja 59 skilder 'n skokkende prentjie van die sondeprobleem. Gelukkig bied die Skrif ons ook 'n verlossingshoop. Kom ons begin ons ondersoek van dié probleem met die vraag: wie van ons het almal gesondig? Die Bybel stel dit onomwonde: almal het gesondig. Verlossing kan dus nie binne 'n raamwerk van sondeloosheid werk nie. Vergifnis vir sonde moet dus die grondslag wees (*Jer. 31:34*). Paulus sluit hom hierby aan wanneer hy sê dat almal gesondig het (*Rom. 3:9-20 en 23*). So in dié verband word geen uitsonderings gemaak nie (*Rom. 3:22*). Die ware regverdige word net sodanig beskou omdat hulle gelowig die genadegawe van God se regskaapenheid via die soendood van Christus ontvang het.

Lees Romeine 3:21-24. Wat sê hierdie verse, hoe word 'n mens gered? Watter hoop gee dit die gelowige vir die oordeelsdag?

Vir die meeste mense gaan die oordeelsdag oor die volgende vraag: wie het gesondig? Dit is egter 'n nuttelose vraag, aangesien almal gesondig het. Wat 'n mens wel moet vra, is: wie het God se vergifnis ontvang? Die Here tree regverdig op wanneer “Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo” (*Rom. 3:26, NAB*). Die deurslaggewende faktor in die oordeel is: wie het, deur hul geloof in Jesus, vergifnis ontvang, en hou boonop aan om dit te ontvang? Dit is wel so dat ons volgens werke geoordeel word, maar nie in die sin dat dit ons red nie. Indien dit die geval was, sou ons geloof nutteloos wees (*Rom. 4:14*). Intendeel, ons werke toon of ons waarlik gered is al dan nie (*Jakobus 2:18*).

Hoekom kan 'n mens nie deur werke gered word nie, hetsy in die hede of op die oordeelsdag? Lees Rom. 3:20 en 23.

Dit is te laat vir goeie werke en vir gehoorsaamheid aan die wet. Nie een van die twee kan die sondaar red nie. Die doel van die wet in 'n sondige wêreld is nie om ons te red nie, maar om sonde uit te wys. In plaas daarvan het ons “geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan” (*Gal. 5:6, NAB*) – liefde wat die hart met die Gees van God vul (*Rom. 5:5*) – en dit demonstreer of iemand 'n daadwerklike geloof in Jesus Christus het al dan nie (*lees ook Jak. 2:26*). Werke is bloot 'n uiterlike teken, die wyse waarop die mens uiting gee aan 'n reddende geloof. 'n Egte en opregte Christelike lewe beteken dat 'n mens beslag aan jou geloof gee. Die gelowige doen dit deur 'n daaglikse herverbintenis tot die Here, 'n voortgesette belewenis waaraan hy/sy deur gehoorsaamheid aan die wet uiting gee. Wanneer God oordeel, gebruik Hy werke as geloofsbewyse. Hoekom? Omdat die mens nie, soos Hy, die gedagtes van sy/haar medemens kan lees nie. In die bekeerde lewe moet 'n mens die regte werke doen. Daardie werke is egter 'n uitvloeisel van daardie innerlike omwenteling, 'n lewe met Christus en die Heilige Gees as dryfvere. Slegs dié soort werke tel in die oordeel. Die sondige lewe wat 'n mens voor jou bekering geleidelik het, van dié is die bekeerling reeds deur die bloed van die Lam gereinig (*lees Romeine 6*).

'n Wêreldwye oproep (*Jes. 60:1, 2*)

Waaroor gaan Jesaja 60:1 en 2? Watter beginsel-in-praktyk bespeur 'n mens hier, wat inderdaad 'n deurlopende een in die res van die Skrif is? Watter hoop bied dit die gelowige?

Jesaja 60:1 en 2 skilder 'n prentjie van die verlossing wat God vir sy volk na hul ballingskap bewerkstellig het. Dit is in die vorm van 'n beeld, dié van God wat lig uit duisternis skep; en wys vooruit op 'n toekomstige, algehele verlossing deur Christus.

Na wie se lig toe kom die nasies en die konings, soos dit in Jesaja 60:3 beskryf word?

In die Hebreeus is die persoonlike voornaamwoord wat op hierdie persoon dui enkelvoudig en vroulik (*lees ook Jes. 60:1, 2*). Dit moet dus Sion wees (wat hier as 'n vrou versinnebeeld word) van wie Jesaja teen die einde se kant van die vorige hoofstuk melding maak (*hfst. 59:20*). So, die aardbewoners wat in die duister rondtas, sal na Sion toe kom [let op die gebruik van “Jerusalem” in die NAB]. Die nasies is aangetrokke tot die lig van God se heerlikheid wat oor Sion skyn (*Jes. 60:2*). “Sion word geroep om die lig – om hâár lig – te ontvang; en om dan te aanskou hoe, en te reageer op, die nasies wat van alle kante af na daardie einste lig toe stroom” (J. Alec Motyer, *The Prophecy of Jesaja: An Introduction and Commentary*, bl. 494). Let egter op die volgende feit: hoewel Sion die stad Jerusalem is, val die klem hier op die mense, en nie op die plek opsigself nie. Die res van hoofstuk 60 brei uit op die tema wat in verse 1-3 bekendgestel word, te wete dat die mensdom na Jerusalem toe getrek word, en dat laasgenoemde vanweë God se glorieryke teenwoordigheid in hul midde 'n geseënde volk is.

Hoe stem hierdie profesie ooreen met God se verbondsbelofte aan Abraham? Gen. 12:2, 3. Bring dit nie in werklikheid dieselfde boodskap tuis nie?

Die Here het 'n globale doel met die roeping van Abraham en sy nasate gehad: deur Abraham sou almal op aarde 'n seëning ontvang (*Gen. 12:3, hfst. 18:18 en hfst. 22:18*). So, God se verbond met Abraham was uiteindelik veronderstel om 'n verbond met die mensdom via Abraham te wees. Hy en sy nasate sou die kanaal wees waarlangs God sy wil aan die wêreld openbaar. Jesaja het probeer om die volk terug te bring na hul Godgegewe en wêreldwye roeping, na hul roeping van ouds. As verteenwoordigers van die lewende God was hulle nie net verantwoordelik vir hulself nie, maar ook vir die mensdom. Hulle was veronderstel om nie-Joodse soekers na die ware God in hul midde te ontvang (*lees ook Jes. 56:3-8*). Aangaande die tempel het God immers gesê: “My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke” (*Jes. 56:7, OAB*).

“’n Jaar van die welbehae van die Here” (*Jes. 61:2, OAB*)

Wie praat hier in Jesaja 61:1?

Die Gees van die Here is op die gesalfde waarvan ons hier lees, wat beteken dat hy óf ’n messias óf die Messias sou wees. Dit is sy taak “om ’n blye boodskap te bring aan die mense in nood... om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is” (*Jes. 61:1, NAB*). Soos wie klink dit vir jou? Vergelyk dit met Jesaja 42:1-7 waar God se Dienskneg grotendeels op ’n soortgelyke wyse beskryf word. Jesaja 61:2 praat van “’n jaar van die welbehae van die Here” (*OAB*). Die Messias, wat as ’n Dawidiese Koning en Verlosser gesalf is, sê dat ’n spesiale jaar aanbreek het waarop die Here sy volk goedgunstig (of in die NAB, genadig) sou wees, ’n tydperk waarin Hy bevryding sou aankondig. Vergelyk dit met Levitikus 25:10 waar die Here die Israeliete aansê om elke 50ste jaar tot ’n heilige jaar van maatskaplike bevryding te verklaar: “Dit moet vir almal ’n hersteljaar wees: elke Israeliet moet sy grond terugkry en mag na sy familie toe teruggaan” (*NAB*). Dit beteken dat mense wat noodgedwonge hul erfgrond moes verkoop of wat noodgedwonge slawearbeiders geword het, ten einde die pot aan die kook te hou (*Lev. 25:25-55*), hulle grond en vryheid sou terugkry. Hierdie jubeljaar is met die blaas van ramshorings op die Versoendag ingelei (*Lev. 25:9*), ’n skrifgedeelte wat ons reeds met betrekking tot Jesaja 58 bekyk het.

Hoewel die “jaar van die welbehae van die Here” (*OAB*) in Jesaja 61:2 ’n soort jubeljaar is, is dit nie bloot ’n viering van die voorgeskrewe feesjaar in Levitikus 25 nie. Hierdie jaar word geproklameer deur die Messias – die Koning – wanneer Hy Homself, deur ’n bediening van bevryding en herstel, aan die mensdom openbaar. Dit laat dink ’n mens aan ’n praktyk wat party van die Mesopotamiese konings van ouds gevolg het: die bevordering van liefdadigheid op samelewingsvlak deur aan te kondig dat alle skulde wat in die beginjare van hul regerings gemaak is, afgeskryf moes word. Die Messias se bediening was aansienlik groter in terme van reikwydte as dié in Levitikus 25. Nie net “om vir die gevangenes vrylating aan te kondig” nie; Hy vertroos die gebroekenes en diegene wat treur, en bring herstel aan daardie persone (*Jes. 61:1-11*). Benewens “’n jaar van die welbehae van die Here,” kondig Hy ook “’n dag van die wraak van onse God” aan (*Jes. 61:2, OAB*).

Wanneer het Jesaja se profesie in vervulling gegaan? Luk. 4:16-21. Hoe het Jesus se bediening hierdie dinge verwesenlik? Bepeins die volgende, en vra jou ook die daaropvolgende belangrike vraag af: ons is natuurlik nie Jesus nie, tog is ons sy verteenwoordigers op aarde. Watter werke doen die Messias (soos dit in Jesaja 61:1-3 beskryf word) wat ons, ten spyte van ons beperkte vermoëns, ook behoort te doen? Wat is party van die praktiese maniere om hierdie dinge te doen?

“’n Dag van die wraak van onse God” (*Jes. 61:2, OAB*)

Te midde van al die goeie nuus kondig die Messias in Jesaja 61 die wraak van God aan. Waarom doen Hy dit? Wanneer is (of word) hierdie profesie vervul?

Toe Jesus – die Messias – op ’n dag in Nasaret was, lees Hy uit Jesaja 61, tot by die sinsnede “om uit te roep ’n jaar van die welbehae van die Here” (*Jes. 61:2, OAB; Luk. 4:19, NRSV*). Toe stop Hy en sê: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul” (*Luke 4:21, OAB*). Hy het dus pertinent en doelbewus die laaste sinsnede in vers 19 uitgelaat, die een wat sê: “en ’n dag van die wraak van onse God” (*Jes. 61:2, NRSV*). Hoewel Jesus se bediening van goeie tyding, vrylating en vertroosting begin het om die mense uit Satan se wurggreep te bevry, het die dag van God se wraak nog nie aangebreek nie. In Matteus 24 (*vgl. Mark. 13 en Luk. 21*), Het Hy aan sy dissipels voorspel dat die oordeelsdag ’n toekomstige gebeurtenis was [en vanuit ons perspektief, is]. Die dag van God se wraak wat in Jesaja 61 genoem word, is inderdaad “die groot en verskriklike dag van die Here” (*Joël 2:31, NLV; Mal. 4:5*), wat in vervulling gaan met Christus se wederkoms. Op daardie dag gaan Hy die aarde van ongeregtigheid bevry, sy vyande oorwin, en sy oorblyfsel-kindere bevry (*Op. 19; vgl. Dan. 2:44 en 45*). Alhoewel Jesus die begin van die “jaar van die welbehae van die Here” aangekondig het, bereik dit eers ’n hoogtepunt by sy wederkoms.

Hoe versoen ’n mens die idee van ’n liefdevolle God met een wat ook vergelding belowe? Pas dié twee begrippe dan bymekaar? Of beskou jy vergelding as ’n manifestasie van sy liefde? Indien wel, hoe so? Verduidelik jou antwoord.

Jesus het wel gesê dat ons die wang moet draai (*Matt. 5:39*). Tog sê Hy op ander plekke pertinent dat reg en geregtigheid sal geskied, en dat straf wel uitgedeel sal word (*Matt. 8:12*). Nietemin vermaan Paulus die gelowige: “Kyk dat niemand weerwraak neem nie” (*1 Tess. 5:15, NLV*). Tog het hy die volgende te sê gehad oor die wederkoms, die dag wat Jesus met vuurvlam in die hemelruim sal verskyn: “Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie” (*2 Tess. 1:8, NAB*). Die verskil hier, is natuurlik dat die Here in sy oneindige wysheid en genade al een is wat op ’n totaal billike wyse reg en geregtigheid kan laat geskied, en ook die nodige straf kan uitdeel. Daarenteen gaan die ongeregtigheid en vergelding wat ons bring, gepaard met al die flaters, swakhede en inkonsekwentheid eie aan die mens. Die reg en geregtigheid wat God eger bring, word nie deur sulke tekortkominge belemmer nie.

Vir verdere studie:

Lees ook Ellen G. White: *Patriarchs and Prophets*, bl. 376-378; asook *The Desire of Ages*, bl. 236-243. “In lewende lywe het Jesus die profesieë aangaande Homself voor sy toehoorders uitgelê. Hy lê vir hulle die voorgelese skriftuur uit. Hy praat oor die Messias wat ’n bevryder vir die onderdrukte en die gevangenes sal wees; die een wat siektes genees, wat blindes se sig herstel, en wat die lig van die waarheid aan die wêreld openbaar. Sy oordrag en die diepsinnigheid van sy uitleg vul sy toehoorders met ontroering. Dit vervul die mense met ’n krag wat hulle nog nooit vantevore ervaar het nie. Soos ’n vloedgolf tref sy Godgegewe woorde hulle, en verbreek elke skans. Soos Moses van ouds aanskou hulle die onsigbare God. Aangeraak deur die Heilige Gees, reageer hulle met geesdriftige amens en uitroep van lofprysing tot God” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 237). “Die dag van God se wraak kom, die dag waarop dit met mag en mening uitgedeel gaan word. Wie sal in die wederkoms staande kan bly? Teen die tyd dat dit gebeur, het die mensdom alreeds so verhard geraak dat hulle nie meer op die influisterende Gees sal ag slaan nie. Tog sal God op daardie dag wel tot hulle deurdring – waar oortuiging gefaal het, sal God se wraak wel deurdring. Hierdie dag van afrekening met die sondaar lê nie vêr in die toekoms nie. Sal die valse herder die oortreder in daardie dag kan beskerm? Kan enigeen wat die weë van ongehoorsaamheid saam met menigte ander bewandel het, verskoon word? Sal gewildheid of hoeveelheid volgelingen [van die verkeerde weë] enigeen kwytstel? Dít is die soort vrae wat die roekelose en apatiese onder ons hulself nou moet afvra – om te sien waar hulle staan” (Ellen G. White, *Faith and Works*, bl. 33).

Vrae vir bespreking:

Op ’n dag vra iemand ’n SDA-predikant oor die grootste uitdaging in die bediening. Na enkele oomblikke van bepeinsing antwoord hy: die eksklusiwiteit van lidmate wat nie nuwe mense in hul midde wil ontvang nie. Hoe kan “gelowiges” – wat nie eers plek vir nuwelinge wil maak nie, vir persone wat moeite gedoen het om kerk toe te kom nie – die liefde, hoop en blye boodskap oor die koninkryk van Christus aan die ganse mensdom bring sodat ander ook die geleentheid het om voor die einde gered te word (Matt. 24:14)?

Opsomming: Die Here suiwer die destydse samelewing van ongeregtigheid deur die rebelle te verwyder. Hy suiwer hulle ook deur die oorblyfsel van sy volk – diegene wat afstand gedoen het van die sonde wat voorheen skeiding tussen hulle en God gebring het – te herstel. Danksy die seëninge wat God se teenwoordigheid bring, word ander nasies na die lewende God en sy volk getrek, sodat eersgenoemde ook die geproklameerde “jaar van God se welbehag” via die Messias kan beleef.